4.3. Kontra-indikasies

- Hipersensitiwiteit vir die aktiewe bestanddeel of vir enige van die hulpstowwe in afdeling 6.1 gelys.
- Pre-menopousale endokrienstatus.
- Swangerskap en borsvoeding (kyk afdeling 4.6)
- Erge swak lewerfunksie (Child-Pugh graad C).
- Erge swak nierfunksie (kreatinienopruiming < 10 mL/min).

4.4. Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls tydens gebruik

Menopousale status
In pasiënte wie se menopousale status onbekend is, moet vlakke van luteïniserende hormoon (LH), follikelstimulerende hormoon (FSH) en/of estradiol gemeet word voordat behandeling met **ROZILAT** begin. Slegs vroue met postmenopousale endokriene status kan **ROZILAT** kry.

Swak nierfunksie
ROZILAT is nie in 'n voldoende aantal pasiënte met 'n kreatinienopruiming laer as 10 mL/min ondersoek nie. **ROZILAT** is dus teenaangedui vir pasiënte met erge swak nierfunksie (kreatinienopruiming < 10 mL/min). (kyk afdeling 4,3).

Swak lewerfunksie
Sistemiese blootstelling en terminale halfleeftyd is ongeveer dubbel in pasiënte met erge swak lewerfunksie (Child-Pugh graad C) vergeleke met gesonde persone. **ROZILAT** is teenaangedui vir pasiënte met erge swak lewerfunksie (Child-Pugh graad C) (kyk afdeling 4.3).

Effekte op skeletbene
ROZILAT is 'n sterk estrogeenverlagende middel. Vroue met 'n geskiedenis van osteoporose en/of frakture, of met 'n groot risiko vir osteoporose, moet hul beenmineraaldigtheid formeel voor die aanvang van adjuvant- en voortgesette adjuvantbehandeling laat meet en moet tydens en na behandeling met letrosool gemonitor word. Behandeling of profilakse vir osteoporose moet, soos toepaslik, begin en noukeurig gemonitor word. Afhangende van die pasiënt se veiligheidsprofiel kan 'n opeenvolgende behandelingskedule (letrosool vir 2 jaar gevolg deur tamoksifeen vir 3 jaar) ook in 'n adjuvantopset oorweeg word (kyk afdelings 4.2, 4.8 en 5.1).

Ander waarskuwings
Toediening van **ROZILAT** saam met tamoksifeen, ander anti-estrogene of estrogeenbevattende medisyne moet vermy word, aangesien hierdie stowwe die farmakologiese werking van letrosool kan verminder (kyk afdeling 4.5).

ROZILAT bevat laktosemonohidraat. Pasiënte met die skaars oorerflike probleem van onverdraagbaarheid van galaktose, of erge laktasetekort of wanabsorpsie van glukose/galaktose, moet nie hierdie medisyne gebruik nie.

4.5. Interaksies met ander medisyne en ander vorms van interaksie:

Metabolisme van letrosool word deels via CYP2A6 en CYP3A4 bewerkstellig. Simetidien, 'n swak, nonspesifieke remmer van CYP 450 -ensieme, beïnvloed nie die plasmakonsentrasies van letrosool nie. Die effek van kragtige CYP 450-remmers is onbekend.

Tot op datum is daar geen kliniese ondervinding met die gebruik van **ROZILAT** in kombinasie met estrogene of antikankermiddels behalwe tamoksifeen nie. Tamoksifeen, ander anti-estrogene of estrogeenbevattende medisyne kan die farmakologiese werking van letrosool verswak. Daarbenewens is bewys dat gelyktydige toediening van tamoksifeen en letrosool die plasmakonsentrasies van letrosool aansienlik verlaag. Toediening van letrosool saam met tamoksifeen, ander anti-oestrogene of estrogene moet vermy word.

In vitro rem letrosool die sitochroom P450 iso-ensieme 2A6 en, matig, 2C19, maar die kliniese relevansie is onbekend. Wees dus versigtig as letrosool gegee word saam met medisinale produkte waarvan die eliminasie hoofsaaklik van hierdie iso-ensieme afhang en waarvan die terapeutiese indeks nou is (bv. fenitoïen, klopidogrel).

4.6. Fertiliteit, swangerskap en borsvoeding

Vroue met peri-menopousale status of wat vrugbaar is
ROZILAT moet slegs gebruik word deur vroue met 'n duidelik gevestigde postmenopousale status (kyk afdeling 4.4). Aangesien daar berigte is van vroue wat tydens die behandeling met **ROZILAT** werking van hulle eierstokke herwin het ten spyte van 'n duidelike postmenopousale status met die aanvang van die terapie, moet die mediese praktisyn, indien nodig, voldoende voorbehoeding bespreek.

Swangerskap
Op grond van ervaring mense waar daar geïsoleerde gevalle van geboortedefekte (labiale samesmelting, dubbelsinnige geslagsdele) was, kan **ROZILAT** aangebore misvormings veroorsaak as dit tydens swangerskap gebruik word. Studies met diere het toksisiteit op voortplanting aangetoon.

ROZILAT is teenaangedui tydens swangerskap (kyk afdeling 4.3)

Borsvoeding
Dit is onbekend of letrosool en sy metaboliete in menslike melk uitgeskei word. 'n Risiko vir die pasgeborenes/babas kan nie uitgesluit word nie.

ROZILAT is teenaangedui tydens swangerskap (kyk afdeling 4.3)

Fertiliteit
Die farmakologiese werking van letrosool is om estrogeenproduksie te verminder deur aromatase te rem. In premenopousale vroue lei die remming van estrogeensintese deur terugkoppeling tot stygings in gonadotropienvlakke (LH, FSH). Hoë FSH-vlakke stimuleer weer groei van die follikels en kan ovulasie veroorsaak.

4.7. Effek op vermoë om 'n voertuig te bestuur en masjiene te gebruik

ROZILAT het 'n klein effek op die vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjinerie te hanteer. Aangesien moegheid en duiseligheid met die gebruik van **ROZILAT** waargeneem is en slaperigheid aangemeld is, word aanbeveel dat bestuur van 'n voertuig of gebruik van masjiene versigtig gedoen moet word.

4.8. Ongewensde effekte

a. *Opsomming van die veiligheidsprofiel*
Die newe-reaksies wat die meeste in kliniese studies aangemeld is, is warm gloede, hipercholesterolemie, artralgie, moegheid, meer sweet en naarheid.

Ander belangrike newe-reaksies wat met **ROZILAT** kan voorkom, is: effekte op die skelet soos osteoporose en/of beenbreuke en kardiovaskulêre voorvalle (waaronder serebrovaskulêre en trombo-emboliese effekte). Die frekwenskategorie vir hierdie newe-reaksies word in Tabel 1 gegee.

b. *Getabuleerde opsomming van nadelige reaksies*
Die frekwensies van newe reaksies van **ROZILAT** is hoofsaaklik gebaseer op data wat in kliniese toetse versamel is.

Die volgende lys nadelige geneesmiddelreaksies, gegee in Tabel 1, is saamgestel uit kliniese studies en ondervinding na bemarking van **ROZILAT**:

Tabel 1: Nadelige reaksies word onder die hoofde van frekwensie gegee met die mees algemenes eerste, volgens hierdie konvensie: Dikwels, minder dikwels en frekwensie onbekend.

Infeksies en infestasies Minder dikwels: Urienweginfeksie
Goedaardige, kwaadaardige en ongespesifiseerde neoplasmas (waaronder siste en poliepe) Minder dikwels: Tumorpyn[1]
Versteurings van bloed en limfstelsel Minder dikwels: Leukopenie
Versteurings van die immuunstelsel Frekwensie onbekend: Anafilaktiese reaksie
Versteurings in metabolisme en voeding Dikwels: Hipercholesterolemie, anoreksie, groter eetlus
Psigiatriese versteurings Dikwels: Depressie Minder dikwels: Angs (waaronder senuagtigheid), geïrriteerdheid
Versteurings van die senustelsel Dikwels: Hoofpyn, duiseligheid Minder dikwels: Lomerigheid, slaaploosheid, swak geheue, disestesie (waaronder parestesie, hipoëstesie), smaakversteuring, serebrovaskulêre ongeluk, karpaletonnelsindroom
Oogversteurings Minder dikwels: Katarak, oogirritasie, dowwe visie
Hartversteurings Minder dikwels: Hartkloppings[1], tagikardie, iskemiese harteffekte (waaronder nuwe of verergerende angina, angina wat operasie benodig, miokardiale infarksie en miokardiale iskemie)
Vaskulêre versteurings Dikwels: Warm gloede, hipertensie Minder dikwels: Tromboflebitis (waaronder oppervlakkige en diep veneuse tromboflebitis), longembolie, arteriële trombose, serebrovaskulêre infarksie
Respiratoriese, toragiese en mediastinale versteurings Minder dikwels: Dispnee, hoes
Gastro-intestinale versteurings Dikwels: Naarheid, slegte spysvertering[1], hardlywigheid, buikpyn, diarree, braking Minder dikwels: Droë mond, stomatitis[1]
Hepatobiliêre versteurings Minder dikwels: Toename in lewerensieme Frekwensie onbekend: Hepatitis
Versteurings van die vel en subkutane weefsel Dikwels: Meer sweet, alopesie, uitslag (insluitend eriteemagtig, makulopapulêr, psoria-agtig en vesikulêre uitslag), droë vel Minder dikwels: Pruritus, urtikarie Frekwensie onbekend: Angioedeem, toksiese epidermale nekrolise, multivorme eriteem
Versteurings van die muskuloskeletale stelsel en van bindweefsel Dikwels: Artralgie, mialgie, beenpyn[1], osteoporose, beenbreuke Minder dikwels: Artritis Frekwensie onbekend: Snellervinger
Versteurings van die niere en urienweg Minder dikwels: Toename in frekwensie van urinering
Versteurings in die voortplantingstelsel en borste Dikwels: Vaginale bloeding Minder dikwels: Vaginale bloeding, vaginale droogheid, borspyn
Algemene versteurings en effekte by die plek van toediening Dikwels: Moegheid (waaronder astenie, malaise), perifere edeem Minder dikwels: Algemene edeem, droogheid van die slymvlies, dors, pireksie
Laboratoriumtoetse Dikwels: Toename in gewig Minder dikwels: Gewigsverlies

[1] Nadelige geneesmiddelreaksies wat slegs in die metastatiese omgewing aangemeld is

Beskrywing van spesifieke nadelige reaksies
Hart nadelige reaksies
Die volgende ernstige nadelige effekte is met **ROZILAT** aangemeld:
Angina wat chirurgie benodig, hartversaking, hipertensie en serebrovaskulêre ongeluk/verbygaande iskemiese aanval.
Nuwe of erger angina, miokardiale infarksie, trombo-emboliese voorvalle, beroerte/verbygaande iskemiese aanval is ook aangemeld.

Skeletale nadelige reaksies
In die voortgesette adjuvantomgewing het aansienlik meer pasiënte wat met **ROZILAT** behandel is, beenbreuke of osteoporose (beenfrakture, 10,4 % en osteoporose, 12,2 %) opgedoen as pasiënte in die plasebo-arm (onderskeidelik 5,8 % en 6,4 %). Die mediaan duur van behandeling was 5 jaar vir **ROZILAT**, vergeleke met 3 jaar vir plasebo.

Aanmeld van vermeende nadelige reaksies
Dit is belangrik om vermeende nadelige reaksies wat na magtiging van die medisinale produk voorkom, aan te meld. Dit maak voortgesette monitering van die balans tussen voordeel en risiko van die medisinale produk moontlik. Gesondheidspraktisyns word versoek om alle vermeende nadelige reaksies by SAHPRA aan te meld met die vorm "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

4.9. Oordosis

Geïsoleerde gevalle van oordosering met **ROZILAT** is aangemeld.
Geen spesifieke behandeling vir oordosering is bekend nie; behandeling is dus simptomaties en ondersteunend.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1. Farmakodinamiese eienskappe

Farmakologiese klassifikasie: A 21.12 Hormoonremmers
Endokriene terapie. Hormoonantagoniste en verwante middels: aromataseremmers ATC kode: L02BG04.

Farmakodinamiese eienskappe

Werkingsmeganisme
Die uitsluiting van stimulasie van groei deur estrogeen is 'n voorvereiste vir tumorrespons in gevalle waar die groei van die tumorweefsel van estrogeen afhanklik is en endokrienterapie gebruik word. In postmenopousale vroue is estrogene hoofsaaklik afkomstig van 'n proses waardeur aromatase adrenale androgene (hoofsaaklik androsteendioon en testosteroon) na estroon en estradiol omskakel. Die biosintese van estrogeen in perifere weefsel asook die groei van kankerweefsel self kan dus onderdruk word deur spesifieke remming van die aromatase-ensiem.

Letrosool is 'nie-steroïed aromataseremmer. Dit rem die aromatase-ensiem deur kompetitief aan die heem van die sitochroom P450-subeenheid te bind en die biosintese van estrogeen in alle weefsel sodoende te verminder.

In gesonde postmenopousale vroue onderdruk enkeldosisse van 0,1 mg, 0,5 mg of 2,5 mg letrosool estroon en estradiol in die serum met 75 %, 78 % en 78 % van die basiswaardes, onderskeidelik. Die maksimum onderdrukking word binne 48 - 78 uur bereik.

In postmenopousale pasiënte met gevorderde borskanker onderdruk daaglikse dosisse van 0,1 tot 5 mg letrosool plasmakonsentrasies van estradiol, estroon en estroonsulfaat in alle behandelde pasiënte met 75 % tot 95 % van die basisvlak. Met dosisse van 0,5 mg en hoër, is baie estroon- en estroonsulfaatkonsentrasies onder die deteksievlak van die analisemetode, wat aantoon dat 'n hoër estrogeenonderdrukking met hierdie dosisse verkry word. In al hierdie pasiënte is estrogeenonderdrukking dwarsdeur die behandeling volgehou.

Letrosool rem die aktiwiteit van aromatase baie spesifiek. Onderdrukking van adrenale steroïedgenese is nie waargeneem nie. Daar is geen klinies relevante veranderinge gevind in die plasmakonsentrasies van kortisol, aldosteroon, 11-deoksikortisol, 17-hidroksiprogesteroon en ACTH of in plasmarenienaktiwiteit in postmenopousale pasiënte wat behandel is met 'n daaglikse dosis van 0,1 tot 5 mg letrosool nie Die ACTH-stimulasietoets uitgevoer na 6 en 12 weke van behandeling met daaglikse dosisse van 0,1 mg, 0,25 mg, 0,5 mg, 1 mg, 2,5 mg of 5 mg het geen verhoging van aldosteroon- of kortisolproduksie aangetoon nie. Glukokortikoïed- of mineralokortikoïedaanvulling is dus nie nodig nie.

Geen veranderings in plasmakonsentrasies van androgene (androsteendioon en testosteroon) is waargeneem in gesonde postmenopousale vroue na toediening van 0,1 mg; 0,5 mg of 2,5 mg letrosool as enkeldosisse nie, en ook nie in plasmakonsentrasies van androsteendioon in postmenopousale pasiënte wat met daaglikse dosisse van 0,1 tot 5 mg behandel is nie, wat aantoon dat die blokkade van estrogeenbiosintese nie tot 'n akkumulasie van androgeenvoorlopers lei nie. Plasmavlakke van LH en FSH word nie deur letrosool beïnvloed nie, en ook nie tiroïedfunksie nie, soos deur opname van TSH, T4 en T3 aangetoon.

5.2. Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie
Letrosool word vinnig en volledig vanuit die gastro-intestinale kanaal geabsorbeer (gemiddelde absolute biobeskikbaarheid 99,9 %). Voedsel verminder die absorpsietempo effens, maar die mate van absorpsie (AOK) word nie aangetas nie. Dit word nie gereken dat hierdie klein effek op die absorpsietempo van kliniese waarde is nie, en letrosool kan dus met of sonder maaltye geneem word.

Verspreiding
Ongeveer 60 % van die letrosool is aan plasmaproteïene gebonde en hoofsaaklik aan albumien (55 %). Die konsentrasie van letrosool in eritrosiete is ongeveer 80 % van dié in plasma. Na toediening van 2,5 mg ^{14}C-gemerkte letrosool word ongeveer 82 % van die radioaktiwiteit as onveranderde verbinding in die plasma gevind. Sistemiese blootstelling aan metaboliete is dus laag. Letrosool versprei vinnig en wyd in weefsel. Die skynbare volume van verdeling by ewewig is ongeveer 1,87 ± 0,47 L/kg.

Biotransformasie
Metaboliese omskakeling na 'n farmakologies onaktiewe karbinolmetaboliet is die belangrikste eliminasieroete van letrosool (Cl_m = 2,1 L/h), maar dit is relatief stadig in vergelyking met hepatiese bloedvloei (ongeveer 90 L/h). Dit is gevind dat die sitochroom P450-iso-ensieme 3A4 en 2A6 in staat is om letrosool na hierdie metaboliet om te skakel. Die vorming van enkele ongeïdentifiseerde metaboliete en direkte renale en fekale ekskresie speel slegs 'n ondergeskikte rol in die totale eliminasie van letrosool. Binne 2 weke na toediening van 2,5 mg ^{14}C-gemerkte letrosool aan gesonde postmenopousale vrywilligers, was 88,2 ± 7,6 % van die radioaktiwiteit in die urien en 3,8 ± 0,9 % in die feses gevind. Minstens 75 % van die radioaktiwiteit (84,7 ± 7,8 % van die dosis) wat tot op 216 uur in die urien teruggevind is, wis toegeskryf aan die glukuronied van die karbinolmetaboliet, ongeveer 9 % aan twee ongeïdentifiseerde metaboliete en 6 % aan onveranderde letrosool.

Uitskeiding
Die skynbare terminale eliminasiehalfleeftyd in plasma is ongeveer 2 dae. Na daaglikse toediening van 2,5 mg word gelykvlakke binne 2 tot 6 weke bereik. Plasmakonsentrasies by die ewewigstoestand is ongeveer 7 keer hoër as konsentrasies na 'n enkele dosis van 2,5 mg terwyl dit 1,5 tot 2 keer hoër is as die gelykvlakwaardes wat vanaf die konsentrasies van enkeldosisse voorspel is, wat 'n effense nie-lineêriteit in die farmakokinetika van letrosool na daaglikse toediening van 2,5 mg aantoon. Aangesien gelykvlakke oor tyd volgehou word, kan afgelei word dat geen kontinue akkumulasie van letrosool voorkom nie.

Spesiale populasies

Bejaardes
Ouderdom het geen effek op die farmakokinetika van letrosool nie.

Swak nierfunksie en lewerfunksie
Geen effek op die farmakokinetika van letrosool na 'n enkele dosis van 2,5 mg is in 'n studie met vrywilligers met wisselende grade van nierfunksie (24 uur kreatinienopruiming 9 tot 116 mL/min) gevind nie. In 'n soortgelyke studie met pasiënte met wisselende grade van lewerfunksie, was die gemiddelde AOK-waardes van die vrywilligers met matige swak lewerfunksie (Child-Pugh graad B) 37 % hoër as in normale pasiënte, maar steeds binne die spektrum waargeneem in pasiënte sonder lewerwanfunksie.

In 'n studie wat die farmakokinetika van letrosool na 'n enkele orale dosis in agt pasiënte met lewersirrose en erge swak lewerfunksie (Child-Pugh graad C) vergelyk het met dié van gesonde persone (N=8), is gevind dat die AOK en $t_{½}$ onderskeidelik 95 % en 187 % hoër is. Borskankerpasiënte met erge swak lewerfunksie word dus aan hoër vlakke letrosool blootgestel as pasiënte sonder erge swak lewerfunksie.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1. Lys van hulpstowwe
Inhoud van tablette: laktosemonohidraat, mikrokristallyne sellulose, mieliestysel, natriumstyselglikolaat, magnesiumstearaat en kolloïdale watervrye silika. Bedekking: hipromellose, talk, makrogol, titaandioksied en geel ysteroksied.

6.2. Onverenigbaarhede
Nie toepaslik nie

6.3. Rakleeftyd
24 maande

6.4. Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring
Bêre by of onder 25 °C.
Bêre in die oorspronklike houer totdat dit vir gebruik benodig word.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

6.5. Aard en inhoud van die houer
Verpak in stulpstroke van helder PVC/PVC-film-aluminiumfolie
Pakke met 30 filmbedekte tablette.

6.6. Spesiale voorsorgmaatreëls vir die wegdoen van gebruikte medisyne of afvalstowwe wat uit sodanige medisyne verkry word, en ander hantering van die produk
Geen spesiale vereistes nie.

7. NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

AUROGEN SA (Edms) Bpk
Woodhillkantoorpark, Gebou 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal Uitbr. 12, 1448
Johannesburg
Suid-Afrika

8. REGISTRASIENOMMER

55/21.12/0204

9. DATUM VAN EERSTE MAGTIGING

29 Junie 2021

P1528449

DETACH BEFORE DISPENSING

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:
Newe-effekte wat dikwels voorkom:
- Warm gloede
- Meer sweet
- Gewrigspyn
- Moegheid
- Verlies of toename in eetlus
- Depressie
- Hoofpyn
- Duiseligheid
- Hipertensie (hoë bloeddruk)
- Hoë cholesterolvlakke.
- Gastro-intestinale versteurings soos naarheid, spysvertering, hardlywigheid, buikpyn, diarree, braking
- Haarverlies
- Veluitslag
- Droë vel
- Spierpyn
- Verlies van beenmassa wat tot beenbreuke lei
- Vaginale bloeding
- Swelling van die arms, hande, voete, enkels, bene
- Toename in gewig

Newe-effekte wat minder dikwels voorkom:
- Urienweginfeksie
- Pyn in die borste
- Lae witbloedseltelling soos in bloedtoetse gesien
- Senustoormisse soos angs, senuagtigheid, prikkelbaarheid
- Tinteling of naalde en spelde
- Vermindering van gevoel, veral aanraking
- Pyn of brandgevoel in die hande (karpaletonnelsindroom)
- Smaakstoornis, droë mond, dors
- Oogaftwykings soos versteurde visie of irritasie
- Palpitasies
- Vinnige hartklop
- Pyn in die borskas
- Bloedklonte
- Kortasemheid
- Inflammasie in die mond
- Velafwykings soos jeuk
- Toename in frekwensie van urinering
- Vaginale afskeiding
- Vaginale droogheid
- Algemene swelling
- Koors
- Gewigsverlies

Frekwensie onbekend:
- Allergiese reaksie
- Inflammasie van die lewer
- Swelling van gesig, tong, keel, buik (dit is 'n mediese noodgeval)
- Erge velreaksies, wat blase kan vorm en die mond, keel, oë en geslagsdele kan betrek wat lewensgevaarlik kan wees (toksiese epidermale nekrolise)
- Snellervinger (wanneer 'n vinger in 'n gebuigde posisie vasgevang word)

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

Aanmeld van newe-effekte
Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. Dit sluit alle moontlike newe-effekte in wat nie in hierdie blad gelys word nie. U kan newe-effekte ook via https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8 aanmeld. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van **ROZILAT** te gee.

5. Hoe om ROZILAT te bêre
HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.
ROZILAT sal in die apteek gestoor word
Bêre by of onder 25 °C.
Hou die houer in die buitenste karton om dit teen lig te beskerm.
Moenie na die vervaldatum op die stulpstrook en die karton gebruik nie.
Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

6. Inhoud van die pak en ander inligting
Wat ROZILAT bevat
Die aktieve bestanddeel is letrosool.
Elke filmbedekte tablet bevat 2,5 mg letrosool.

Die ander bestanddele van **ROZILAT** is laktosemonohidraat, mikrokristallyne sellulose, mieliestysel, natriumstyselglikolaat, magnesiumstearaat en watervrye silika. Bedekking: hipromellose, talk, makrogol, titaandioksied en geel ysteroksied.

ROZILAT bevat laktosemonohidraat.
As u dokter dus vir u gesê het dat u 'n onverdraagbaarheid teenoor sekere suikers het, moet u dokter skakel voordat u hierdie medisyne drink.

Hoe ROZILAT lyk en die inhoud van die pakkie

ROZILAT is donkergeel, filmbedekte, ronde, effens bikonvekse, tablette met skuins kante met "L2.5" aan die een kant en glad aan die ander kant

ROZILAT is verpak in stulpstroke van helder PVC/PVC-film en aluminiumfoelie in 'n karton met 'n voubiljet.

Dit word verpak 30 filmbedekte tablette in 'n pak (3 x stulpstroke met 10 tablette elk)

HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
AUROGEN SA (Edms) Bpk
Woodhillkantoorpark, Gebou 1, Eerste vloer
53 Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal Uitbr. 12, 1448
Johannesburg
Suid-Afrika

Registrasienommer:
55/21.12/0204

Hierdie blad is laas hersien op
29 Junie 2021

PASIËNTINLIGTINGSBLAD
SKEDULERINGSTATUS

S4

ROZILAT (filmbedekte tablette)
Letrosool
Bevat suiker: 48,70 mg laktosemonohidraat.

Lees hierdie hele blad noukeurig deur voordat u ROZILAT drink.
- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- As u nog enige vrae het, moet u u dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief vra.
- **ROZILAT** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne vir ander mense gee nie. Dit kan hulle skaad, selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.

Wat in hierdie blad is:
1. Wat **ROZILAT** is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u **ROZILAT** kry
3. Hoe om **ROZILAT** te gebruik
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om **ROZILAT** te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

1. Wat ROZILAT is en waarvoor dit gebruik word
ROZILAT behoort aan 'n groep medisyne bekend as hormoonremmers.
ROZILAT is aangedui vir:
- Die behandeling van borskanker in vroue wat deur menopouse gegaan het, d.w.s. die staking van menstruasie
- Behandeling van postmenopousale vroue met vroeë borskanker wat voorheen standaardbehandeling met tamoksifeen gehad het (ander medisyne wat gebruik word om borskanker te behandel).
- Eersteliniebehandeling van postmenopousale vroue met hormoonafhanklike gevorderde borskanker (borskanker wat 'n, beduidende aantal estrogeen- of progesteronreseptore het).
- Behandeling van gevorderde borskanker in vroue wat voorheen met anti-estrogene behandel is en of natuurlike of geïnduseerde menopouse het.
- **ROZILAT** word gebruik as terapie voor chirurgie in postmenopousale vroue met gelokaliseerde hormoonreseptorpositiewe borskanker.

2. Wat u moet weet voordat u ROZILAT drink
Moenie ROZILAT drink nie:
- as u hipersensitief (allergies) vir letrosool of vir enige van die ander bestanddele van **ROZILAT** (gelys in afdeling 6) is;
- as u nog menstrueer, d.w.s. as u nog nie deur menopouse gegaan het nie;
- as u swanger is;
- as u borsvoed;
- as u 'n ernstige lewersiekte het;
- as u 'n erge niersiekte het;

Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls
Praat met u dokter voordat u **ROZILAT** drink:
- as u nie seker is of u postmenopousaal is nie (sonder menstruasies), sodat toetse doen kan word ;
- as u aan 'n erge niersiekte ly
- as u 'n erge lewersiekte het
- as u 'n geskiedenis van osteoporose (beenafwyking wat gekenmerk word deur verlies aan beendigtheid) of beenbreuke het
- as u tamoksifeen gebruik of enige behandeling met ander estrogene of anti-estrogene kry

As u nie seker is of enige van die bogenoemde op u van toepassing is nie, moet u met u dokter of apteker praat voordat u hierdie medisyne drink.

Kinders en adolessente

ROZILAT is nie in kinders of adolessente bestudeer nie en moet dus nie vir hierdie pasiëntpopulasie gebruik word nie.

Ander medisyne en ROZILAT:
Sê altyd vir u gesondheidspraktisyn as u enige ander medisyne gebruik (waaronder aanvullende en tradisionele medisyne).
Gebruik van **ROZILAT** saam met hierdie medisyne kan ongewensde interaksies veroorsaak.

Sê veral vir u dokter as u medisyne gebruik wat die volgende aktiewe bestanddele bevat:
- Tamoksifeen (om borskanker te behandel)
- Oestrogeen (om die simptome van menopouse te behandel)
- Fenitoïen ('n antikonvulsant)
- Klopidogrel (om bloedklonte te voorkom)

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid
As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om 'n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat u hierdie medisyne drink.
- U moet **ROZILAT** slegs drink as u deur menopouse gegaan het.
- U moet egter effektiewe voorbehoeding met u dokter bespreek, aangesien u tydens die behandeling met **ROZILAT** moontlik steeds swanger kan raak.
- U moet **ROZILAT** nie drink as u swanger is of u baba borsvoed nie.

Motorbestuur en gebruik van masjinerie
ROZILAT kan moegheid, duiseligheid, floutes of lomerigheid veroorsaak. Moenie 'n voertuig bestuur of gereedskap of masjiene hanteer as u sulke newe-effekte ervaar nie.

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate **ROZILAT** met die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt kan inmeng nie. Pasiënte moet sorg dat hulle, totdat hulle weet hoe **ROZILAT** hulle beïnvloed, nie aan bogenoemde aktiwiteite deelneem nie.

ROZILAT bevat laktosemonohidraat.
As u dokter dus vir u gesê het dat u 'n onverdraagbaarheid teenoor sekere suikers het, moet u u dokter skakel voordat u hierdie medisyne drink.

3. Hoe om ROZILAT te drink
Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie. Gebruik **ROZILAT** altyd presies soos vat u dokter vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.

Die gewone dosis van **ROZILAT** is een tablet per dag.

ROZILAT moet oraal gedrink word en kan met of sonder voedsel geneem word.

U dokter sal vir u sê hoe lank u behandeling met **ROZILAT** sal duur. Moenie ophou om **ROZILAT** te drink tensy u dokter so sê nie.

Sê vir u dokter of apteker as u die indruk het dat die effek van **ROZILAT** te sterk of te swak is.

As u meer ROZILAT gedrink het as wat u moes
Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

As u vergeet om ROZILAT te drink
As u vergeet het om 'n dosis te drink, drink dit sodra as wat u onthou. As dit egter byna tyd vir die volgende dosis is (binne 2 tot 3 uur), slaan die dosis wat u gemis het oor en gaan met u gewone doseerskedule aan.

Moenie 'n dubbele dosis gebruik om vir vergete individuele dosisse op te maak nie.

4. Moontlike newe-effekte
ROZILAT kan newe-effekte veroorsaak.
Nie al die newe-effekte wat vir **ROZILAT** aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand vererger of as u newe-effekte ervaar terwyl u **ROZILAT** kry, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidspraktisyn asseblief om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om **ROZILAT** te drink en onmiddellik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:
- Swelling om die oë of gesig, keel of tong (wat 'n ernstige allergiese reaksie kan wees)
- Geel vel en oë, naarheid, verlies van eetlus, donkerkleurige urien (wat tekens van hepatitis kan wees)
- Uitslag, rooi vel, blase van oë of mond, velafskilfering, koors (wat tekens van 'n velafwyking kan wees)

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige reaksie op **ROZILAT** het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitaalsorg nodig het.